# Lesing 16.10.2018 - Lesing 24 - Diep innerlike waarhede vanuit die Gilgal Klipwiel

## Die Opperste gesag setel in JaHshua

**Mat 28:18** En JaHWèshua het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: **Aan My is gegee alle mag in die Hemele en op Aarde**. *[Boekrol van Henog 55:4; 69:27; DaniEl 4:25; MattithJaHûW 25:31; JeHôWganan 5:22; 13:10; 1 JeHôWganan 3:3]*

**Mat 28:20** En kyk, **Ek is met julle** al die dae tot aan die voleinding van die tyd. Amein.

**Joh 21:21** Toe Petrus hom sien, vra hy vir JaHWèshua: Meester, **maar wat van hom**?

**Joh 21:22** JaHWèshua antwoord hom: As Ek wil hê dat hy bly totdat Ek kom, wat gaan dit jou aan? **<u>VOLG jy MY.</u>**

## Die Eerste sendbrief van Johannes

1Jn 1:1 WAT van die begin af was, wat ons **gehoor** het, wat ons met ons oë **gesien** het, wat ons aanskou het en ons hande **getas** het aangaande die **<u>Woord van die Lewe</u>** -

*Joh. 1:1 IN die begin was die Woord, en die Woord was by die Elohim, en **die Woord was Elohim**. [Génesis 1:1; 2 Ezra 6:38]*

*Joh 1:2 Hy was in die begin by die Elohim.*

*Joh 1:3 Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.*

*Joh 1:4 **In Hom was lewe, en die lewe was die Lig van die adam.***

1Jn 1:2 **en die Lewe is geopenbaar**, en ons het **Hom** gesien, en ons getuig en verkondig aan julle **die Ewige Lewe wat by die VADER was en aan ons geopenbaar is** -

1Jn 1:3 wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook deel met ons kan hê; en ons deel is **met die VADER en met SY Seun, JaHWèshua, die Gesalfde**.

1Jn 1:4 En ons skrywe hierdie dinge aan julle, sodat julle blydskap volkome kan wees.

1Jn 1:5 EN dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: **Elohim is Lig**, en geen Duisternis is in HOM nie.

1Jn 1:6 As ons sê dat ons met HOM deel het en in die Duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die Waarheid nie.

1Jn 1:7 Maar as ons in die Lig wandel soos Hy in die Lig is, dan het ons deel met mekaar; **en die bloed van JaHWèshua die Gesalfde, SY Seun, was ons skoon van alle oortredinge van die Wet.**

1Jn 1:8 AS ons sê dat ons geen oortredinge het nie, mislei ons onsself en **die Waarheid is nie in ons nie**.

1Jn 1:9 As ons ons oortredinge bely, Hy is getrou en regverdig om ons die oortredinge te vergewe en ons van alle Ongeregtigheid skoon te was.

1Jn 1:10 As ons sê dat ons nie oortree nie, dan maak ons HOM tot 'n leuenaar en is SY Woord nie in ons nie.

**1Jn 2:1** MY kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet oortree nie; en as iemand oortree het, ons het 'n Voorspraak by die VADER, JaHWèshua die Gesalfde, die Regverdige.

1Jn 2:2 En Hy is 'n versoening vir ons oortredinge, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld.

1Jn 2:3 EN hieraan weet ons dat ons Hom ken: **as ons Sy Gebooie onderhou.**

1Jn 2:4 **Hy wat sê: Ek ken Hom - en Sy Gebooie nie onderhou nie - is 'n leuenaar en in hom is die Waarheid nie**.

1Jn 2:5 Maar elkeen wat **Sy Woord** onderhou, in hom het die **volmaakte Liefde** van Elohim waarlik vervolmaak. Hieraan weet ons dat ons in Hom is.

**1Jn 2:6 Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het.**